**Dien God: Leiers en ondergeskiktes**

**Heb 13:17-25**

**19 Februarie 2023**

1. Vantevore: Heb 12:18-24 – Oproep om God dankbaar en welgevallig te dien met eerbied en ontsag. Heb 13:1-6 – Vyf praktiese maniere. Heb 13:7-14 – Argument oor einde van ou verbond en permanensie van nuwe verbond. Heb 13:15-16 – Oproep tot lofoffers en offers van goedheid en mededeelsaamheid.
2. Heb 13:17-25 – Leiers en ondergeskiktes moet God dien
3. Hebreërskrywer was waarskynlik nie formeel leier onder Hebreërs nie – maar tree op as "mede-ouderling" (vgl 1 Pet 1:1 en 1 Pet 5:1)
4. Rol van geestelike leiers
    a. Moet navolgingswaardige voorbeeld stel (Heb 13:7, 18)
        - Leiers moet voorbeeld in geloof, volharding en lewenswyse wees (1 Pet 5:3, 1 Tim 4:12b, 2 Tim 3:10)
    b. Moet waak oor siele van gelowiges (Heb 13:17)
        - Leiers is onderherders van die kudde, onder Jesus as Groot Herder (1 Pet 5:2-4, vgl Heb 5:11, 6:10)
        - Moet rol vrywillig en geesdriftig vervul, nie baasspelerig nie (1 Pet 5:2-3)
        - God eis rekenskap, en beloof loon (1 Pet 5:4)
    c. Afhanklik van gebed (Heb 13:18-19, 20-21)
        - Leiers vra vir gebed, want hulle is swak kleipotte (2 Kor 4:7, Heb 4:16)
        - Leiers bid vir hulle kudde
    d. Verkondig God se Woord (Heb 13:22)
        - Hebreërboek is boodskap van aansporing (Heb 2:1, 4:14, 10:22, 12:28)
        - "Kortliks" – daar is meer in God se plan as wat Hebreërs bevat (Heb 5:11, 9:5b, 11:32, vgl Heb 13:20)
        - Woordverkondiging moet onderrig, weerlê, bestraf, bemoedig (2 Tim 3:16-17, 4:1-2)
    e. Streef na geloofsgemeenskap (Heb 13:19, 23-24)
        - Skrywer wil Hebreërs besoek, Timoteus saambring, groete aan leiers, groete van Italianers
5. Rol van ondergeskikte gelowiges
    a. Slaan ag op Woordverkondiging (Heb 13:22)
        - Word sodoende toegerus vir elke goeie werk (2 Tim 3:16-17)
        - Leerstellige prediking lei tot beter kennis oor God en Sy werk, meer inhoudvolle lofoffers, stewige staan in versoekings (vgl 2 Pet 1:2)
    b. Is gehoorsaam en onderdanig aan leiers (Heb 13:17)
        - Onthou: leiers is deur God aangestel – daarom gehoorsaam en onderdanig (vgl 1 Tess 5:12-13)
        - Foutsoekerigheid lei tot gebrek aan vreugde by leiers – nie goed vir ons siele nie
        - Volg ook leiers se voorbeeld (Heb 13:7)
    c. Bid vir leiers (Heb 13:18)
        - Gelowiges verstaan groot verantwoordelikheid van leiers – daarom bid hulle gereeld vir leiers